

RITMES VAN DIE JESUS LEWE

Week 5 | Die Legkaart Ritme

1. Welkom

Beste Ouer, Voog en Kategeet,

Baie Welkom by die vyfde week van ons Ritme reis, mag dit vir elkeen 'n wonderlike ervaring wees.

Ons glo elkeen in die groep het iets om by te dra, en dat die Heilige Gees reeds besig is met elke persoon. Hierdie is 'n spasie werklik te luister na mekaar, te treur saam met die wat treur, en blydschap te deel met die wat blydschap ervaar. Ons glo ons rol is om opreg te luister, oop vrae te vra en mekaar te ondersteun en aan te moedig.


Wat is jou ervaring van die reis tot dusver, dalk kan julle daaroor gesels?

2. Gebed, Wees in die oomblik

Begin die week se ontmoeting deur die volgende gebed 'n paar keer saam te bid. (elkeen kan dit op sy eie of hardop bid)

Here, U is ons Drie-enige God - U het ons uniek gevorm en U het my geroep om 'n unieke bydrae te maak in die gemeenskap waar ek leef. Help ons om U en die wêreld te dien.

1. VERWELKOMING



2. BID HIERDIE GEDEELTE SAAM MET JOU KIND, KINDERS.



3. Ons luister na mekaar

- Waaroer komplimenteer mense jou gewoonlik?
- As jy enige talent in die wêreld kon kry, wat sou jy kies?
- Wat is die laaste legkaart wat jy/julle gebou het?
- Watter deel van die legkaart is jou gunsteling om te bou?
- Waarin is ek goed of begaafd?
- Waaroer voel jy passievol?

4. Ons lees en Luister Saam

Skrifgedeelte 1 Pet 4:10 - 11

10 God het aan elkeen van julle uitsonderlike talente gegee. Moenie dink dit is julle wat so goed is nie. Nee, dit is God wat eintlik so goed vir julle is. Daarom moet julle julle talente gebruik om ander te help. Soos iemand wat in 'n huis aangestel is om ander te bedien, moet julle in God se geestelike huis al die wonderlike gawes onder mekaar uitdeel wat Hy vir ons gegee het sonder dat ons dit eintlik verdien. 11 Byvoorbeeld, as een van julle preek, moet dit wees asof God deur hom praat. As iemand 'n ander persoon help wat hulp nodig het, moet hy dit doen uit die krag wat God hom sal gee. Op dié manier sal almal God se grootheid kan sien en sal Hy die eer vir alles kry, omdat Jesus dit vir ons moontlik gemaak het om al hierdie dinge te doen. Almal sal Hom erken as die Een wat in alles groot en sterk is, nie net vandag nie, maar vir ewig en altyd. Daarvan kan julle seker wees.


3. LUISTER NA MEKAAR SE ANTWOORDE.

4. OUER OF KIND LEES DIE TEKSGEDEELTE.

- OUER EN KIND VRAE DAN DIE VRAE AAN MEKAAR.

(LUISTER MOOI NA MEKAAR.)

- Watter gedeelte staan vir jou uit?
- Watter deel bemoedig jou?
- Watter deel ontstel jou?
- Het jy vrae oor die gedeelte?



5. Ons kyk terug.

- Wat was jou belewenis met die brood en wyn ritme?
- Hoe het dit gevoel om die mense naby jou die drie vrae te vra?
- Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom?
- Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

6. Ritme Vrae

- Hoe sou jy die genadegawe beskryf wat jy ontvang het?
- Hoe sou jy jou roeping beskryf? Onthou ons is almal is geroep net net dominees of sendelinge nie.
- Waar pas ek in die wêreld in ek hoe kan ek dit 'n beter plek maak?
- Wat leer jy of ontwikkel jy op die oomblik in jou lewe?
- Waar sien jy ander mense hulle gawes en talente uitleef?
- Wat doen jy wat vir jou lekker is, en wat ook dalk ander se pyn of seer verlig?
- Watter gawes weerhou jy of steek jy weg vir jou gemeenskap?

6. Ons kyk vorentoe

- Wat is die een ding wat jy met jou saamneem die week in?
- Is daar iets wat jy nuut ontdek het oor God en oor jouself?

7. Oefening vir die week & Gebed

Oefening:

Gee vir elkeen in die groep kans om die volgende seën te ontvang: Sê die persoon se naam en waarvoor jy dankbaar is, bv: Marinus jou unieke bydrae tot my lewe is om opreg te luister en ek is dankbaar daarvoor.

5. LUISTER NA MEKAAR SE ANTWOORDE EN SKRYF DIT NEER IN 'N JOERNAAL.

6. LUISTER MOOI NA MEKAAR SE ANTWOORDE

- OUER EN KIND VRAE DAN DIE VRAE AAN MEKAAR.

7. GEBED VIR DIE WEEK

HERE, U HET IN U KREATIWE GENADE ELKEEN VAN ONS AS UNIEKE GESKENKE GEVORM. LEER ONS OM TE DIEN, AS GESKENKE UIT U HAND, TOT U EER. AMEN

